

Alpha

13 Feb - 29 Mei 18:30

NGK George-Bergsig Jeuglokaal
Ete, DVD & kleingroep besprekings.

Wat is die
DOEL van
die LEWE ...



WAAROM gaan dit in Alpha?

Die Alpha Kursus is 'n praktiese bekendstelling aan die Christelike geloof en in wese ontwerp vir persone wat nie die Here ken nie of kerklos geraak het. Elke Christen kan egter ook baat vind by die inhoud aangesien dit die basiese beginsels van ons Christenskap herbevestig. Omdat die kursus gebaseer is op 'n vriendskapsbasis eet die groep eers saam voordat daar na die sessie op DVD gekyk word en dit in die klein groep bespreek word.

Die kursus word gratis aangebied ('n vrywillige donasie vir die etes en verversings word verwelkom) en vind weekliks op 'n Dinsdagaand in die Jeuglokaal plaas en duur ongeveer twee uur lank per sessie. Die groep sal ook een Saterdag drie sessies oor die werk van die Heilige Gees doen. Vanjaar bied ons die kursus vir die vierde keer aan en gaan die nuutste weergawe van die "Alpha film series" volg.

Die volgende is 'n aanduiding van die temas wat in die kursus behandel en bespreek word:

Wie is Jesus? WAAROM het Hy gesterf? Hoe kan ek seker wees van my geloof? WAAROM en hoe moet ek die Bybel lees? Hoekom en hoe bid ek? Wie is die Heilige Gees? Hoe lei God ons? Genees God vandag nog? Hoe kan ek die bose teenstaan? ...

Daar sal ook elke aand vir kleiner kinders 'n kinder-oppasdiens vir die duur van die kursus in een van die Jeuglokale aangebied word.

Hoe om die KURSUS by te woon

Ons skop op Dinsdagaand, 13 Feb om 18:30, met die eerste sessie af. Kom net en bring jou Bybel en 'n aantekeningboekie saam. Jy is ook meer as welkom om enige persoon te nooi om die kursus saam met jou by te woon – onthou dit is gratis. Omdat etes voorsien word en daar 'n oppasdiens vir kleiner kinders aangebied word sal ons dit waardeer as jy 'n inskrywingsvorm kan invul (agter op hierdie blaadjie). Die vorm is ook by die kerk se deure, voor op die verhoog, by die kerkkantoor (044 871 1338) en op ons webwerf www.george-bergsig.co.za beskikbaar. Sal jy asb, op die laaste, dit teen 8 Feb kan terug besorg?

'n Uitdaging en 'n uitnodiging

GRATIS!
Almal
welkom!

Nooi mense wat saam met jou werk, langs jou woon, saam met jou sport beoefen, of sommer enige persoon wat die Here op jou hart druk om die kursus saam met jou by te woon. Dis 'n manier om die liefde van die Here te lééf. Kontak Charl du Plessis (044 8711379) vir verdere inligting.



alpha

KURSUS

Inskrywingsvorm

Besorg asb op die laaste terug teen Do 8 Feb

Naam & Van 1: _____

Naam & Van 2: _____

Adres: _____

Sel: _____

Tel: _____

E-pos: _____

Kinder-oppasdiens nodig? JA / NEE. Ouderdom van kinders: _____

13 Feb tot 29 Mei 18:30 NGK George-Bergsig Jeuglokaal

Tel: 044 871 1338 **Faks:** 044 871 4969 **Facebook:** NG George-Bergsig
Epos: admin@george-bergsig.co.za **Web:** www.george-bergsig.co.za